

## **Jeremia 29:1-14 ('53 Vertaling)**

### **God se goeie nuus bemoedig ons binne ons ballingskap**

#### **Inleiding:**

- Geen water nie, die krag is af, ons paaie is in 'n baie slegte toestand, ons moet agter slot en grendel wegkruip vir misdadigers en boonop versmoor die droewige ekonomie die laaste bietjie lewensasem waaraan ons probeer vashou.
  - As ons so luister klink dit of die wilde weste nogal iets by Vanderbijlpark kan leer.
    - Is daar dan nog hoop?
    - Is daar iets waaraan ons nog kan vashou in hierdie moedelose tyd?
    - Is daar nog bemoediging oor vir elke mens wat in hierdie dorp bly?
  - Of gaan ons maar net opgee?
    - Moet ons planne maak om hier uit te kom?
      - Of moet ons vasbyt tot die volgende teleurstelling aan die deur kom klop?
- Wanneer laas het jy vir jouself gevra wat wil God met my in hierdie dorp doen?
- Wat wil God met Trinitas gemeente in Vanderbijlpark doen?
  - So sien ons die wonderlike troos van die goeie nuus dat God ons wil gebruik vandag op hierdie plek.
    - God bemoedig ons binne ons eie ballingskap wat ons beleef.

#### **Die realiteit van ballingskap**

- Meeste van ons is taamlik goed bekend met Jeremia 29.
  - Die voorspoedsteologie gebruik dikwels vers 11 om vir jou die valse belofte van rykdom en voorspoed te gee.
- Die gedeelte is egter veel ryker as dit.
  - In 586v.C. is die volk weggevoer in ballingskap na Babel.
- Jeremia 29 maak deel uit van die brief wat Jeremia aan die volksleiers geskryf het wat reeds in Babel was.
  - Jeremia verkondig nie net troos en bemoediging en voorspoed nie.
  - Hy gee duidelike opdragte wat God gee aan hulle.
- In meeste van die profete se boeke sien ons die waarskuwing – Bekeer, anders gaan die vyand julle wegvoer.

- In die gedeelte wat ons saamgelees het, besef ons dat die volk nie geluister het nie.
  - Hulle het nie bekeer nie.
  - Die gevolge is nou 'n realiteit.
    - Hulle is weggevoer in ballingskap.
    - Die meeste van die volk is nou weggevoer in ballingskap en is nou in Babel.
      - Hulle leef nie meer in die land van melk en heuning nie.
      - Hulle het nie meer hulle kosbare tempel nie.
      - Daar is niemand wat op die troon sit uit die nageslag van Dawid nie.
        - Vir baie van die Jode lyk dit of God nou sy rug op die volk gedraai het.
- Maar steeds binne hierdie ballingskap is die stem van die Here nie stil nie.
  - Hy praat steeds met die volk.
    - Sy beloftes stop nie.
    - Sy troos stop nie.
    - Sy genade stop nie.
- God praat deur Jeremia en belowe aan die volk dat Hy oor 70 jaar die volk sal laat terugkeer na Jerusalem toe.
  - Die realiteit is egter dat 70 jaar 'n lang tyd is.
- Vir iemand wat 70 jaar oud was toe die ballingskap begin het, beteken dit dat hy die res van sy lewe in Babel gaan wees.
  - Hy gaan nie Jerusalem weer sien nie.
  - Hy gaan nooit weer die land sien waar hy groot geword het nie.
  - Hy gaan vir ewig vasgevang wees in hierdie vreemde heidense land.
- Vir iemand wat nog jonk was, kom ons sê 5 jaar oud, het 70 jaar ook 'n groot invloed op sy lewe.
  - Eerstens is dit nie 'n waarborg dat hy nog gaan leef as die terugkeer gebeur nie.
  - As hy egter gespaar bly en hy kan op die ouderdom van 75 jaar terugkeer, is dit glad nie meer die plek wat hy geken het nie.
- In die ballingskap word die Jode forseer om nou 'n ander taal te leer.
  - Nie meer die Hebreeus of Aramees nie, maar die Akkadiese taal van die Babiloniërs.
    - In Nehemia 7:1-8 lees ons dat die wet vertaal moes word vir die mense wat teruggekeer het, omdat hulle nie die taal meer verstaan het nie.
- So was die realiteit gewees dat baie van die Jode sou sterf in Babel.
  - Beteken dit dat hulle maar bloot net moes opgee?
  - Die volk het voor 'n kruispad gestaan.

- Aan die een kant – isoleer jousef heeltemal, en maak seker jy het niks met hierdie heidense stad, sy mense en sy kultuur te doen nie.
- En aan die ander kant – word maar bloot deel van die stad.
  - Aanvaar sy kultuur, gebruike, taal godsdiens en vergeet heeltemal van jou herkoms.
- Beide hierdie opsies is ‘n teken van opgee.
  - ‘n Hopelose reaksie op ‘n hopelose toekoms.
- Maar dit is nie wat God vra nie.
  - God sien nie ‘n hopelose toekoms nie, so dan is ‘n hopelose reaksie nie van toepassing nie.
    - God roep die volk binne hierdie omstandighede – Soek die vrede van die stad!

### **Soek die vrede van die stad**

- Wat op aarde beteken dit?
  - Binne die Joodse tradisie was die gedagte dat die mens geskep is in vrede.
    - Hierdie vrede beteken ‘n toegewyde intieme verhouding met God wat sielvrede, rustigheid en ‘n absolute voltooiing van God se beloftes is.
    - Die realiteit is dat die mens dan uit hierdie vrede geval het as gevolg van die sonde.
      - Vrede is dus iets wat ons nie ken nie, omdat die verhouding tussen ons en God deur die sonde verbreek is.
  - Om vir die volk dan die opdrag te gee om die vrede van die stad te soek klink na ‘n onmoontlike taak.
    - Maar wanneer ons werklik besef wat vrede is – die vervulling van God se beloftes is – dan word die soektog soveel makliker.
      - Dan verander die soeke na vrede in ‘n troosboodskap en troosopdrag.
- God maak dit deur Jeremia vir die volk dit duidelik hoe om die vrede van die stad te soek.
  - Bou huise.
    - Vir enige iemand wat al ‘n bouprojek aangepak het, weet dit gebeur nie oornag nie.
    - Dit beteken dat jy ‘n toekomsverwachting op die plek het.
      - God sê bou ‘n huis want jy gaan ‘n rukkie lank hier wees.
      - Maak seker jy het ‘n vaste blyplek.
  - Lê tuine aan.
    - ‘n Tuin wat groente en vrugte lewer is afhanklik van tyd en seisoene.
  - Trou en kry kinders.

- Moenie die heel eerste opdrag van God vergeet nie.
    - Julle is nogsteeds sy volk en daarom moet julle steeds die aarde bewoon al is dit in Babel.
  - Laat jou kinders trou.
    - Herinner jou kinders ook aan God se beloftes en hulle opdragte wat daarmee saam gaan.
  - Word baie.
- As jy 'n huis het en kinders en 'n tuin – het jy dan vrede?
  - Nie noodwendig nie.
    - Maar die oproep van God af is nie vir jou vrede nie, maar die vrede van die stad.
    - Met ander woorde soek ook na die voorspoed van die stad.
      - Soek na dit wat dit met die stad ook laat goed gaan.
- Die opdrag wat hiermee saam loop is bid vir die stad.
  - Wanneer laas het jy vir die stad gebid?
  - Wanneer laas het jy vir Vanderbijlpark gebid?
    - Vir die munisipaliteit?
    - Vir elkeen wat dienste moet lewer?
    - Vir hulle wat in beheer is van herstel
    - Vir die hospitale?
    - Vir die besighede?
    - Vir die mense wat bo jou aangestel is?
    - Vir die heidene in jou dorp?
- Want God belowe dat die vrede van die stad ook vir jou vrede gaan bring.
  - Daarom moet jy ook bydra tot die vrede van die stad.

### **Dra by tot die vrede van die stad**

- Wat doen jy om verandering in die stad te bring?
  - Nie die gemeente of die kerkraad of 'n bedieningspan of welsynorganisasies nie.
  - Wat doen jy?
- Staan jy voor dieselfde kruispad as die volk in Babel?
  - Isoleer jouself en kruip weg vir die realiteit?
  - Of word maar net bloot deel van die gemeenskap en leef jy geensins anders as die massas ongelowiges in Vanderbijlpark nie?
    - Weereens is hierdie twee opsies net jou opsies as daar geen hoop is nie.
- Ons weet daar is hoop.
  - Daarom kan en moet ons soek vir vrede in die stad.

- En dit begin by klein dingetjies.
  - Ken jy jou buurman?
  - Gesels jy met die mense by wie jy jou inkopies doen?
  - Getuig jy deur jou woorde en dade dat jy 'n gelowige is en daarom 'n bydra wil maak in jou dorp om die vrede werklik te soek?
- Die waarborg is nie dat jy skielik die voorspoed van die dorp gaan sien nie.
  - As dit die geval is dat dit ons 70 jaar gaan neem vir verandering, waar is jy oor 70 jaar?
    - Is jy nog hier springlewendig en gesond?
    - Sonder om sinies te klink is die waarskynlikheid groot dat baie van ons nie meer oor 70 jaar nog lewendig gaan wees nie, maar dit moet ons nie keer om steeds te doen wat God van ons verwag in 'n heidense plek nie.
- Ons soeke is eerstens na die vrede van die stad.
  - Dit beteken dat ek en jy eers ons eie voorspoed en vrede opsy moet skuif.
    - Ons selfsug kan nie in die pad staan daarvan dat ons doen wat God vra nie.
    - Die vrede wat ons beleef kom nie uit onself nie.
      - Jesaja 9:6 getuig van die koms van vrede wanneer Jesus die Prins van Vrede genoem word.
      - Christus is die vervulling van al God se beloftes, daarom is Hy vir ons die ware vrede.
  - Jesaja 53 maak dit duidelik dat Jesus ons skuld op Hom neem juis sodat daar vir ons vrede kan kom.

### **Slot:**

- In die goeie ou dae het die dorp nie gelyk soos wat hy nou lyk nie.
  - Alles was beter en mooier en gesonder en veiliger.
  - Bekende gedagtes?
- Ons moet versigtig wees dat nostalgie nie in die pad staan daarvan dat ons werklik probeer om 'n verskil te maak nie.
  - Daar is altyd hoop.
    - God het jou vandag geplaas in Vanderbijlpark hier in die Gereformeerde kerk Vanderbijlpark Trinitas sodat ons die vrede van hierdie stad kan soek.
- Want wanneer ons werklik opreg die vrede van die stad soek, kry ons ook die vrede wat net van God af kom.
  - Daarom is die goeie nuus die waarborg dat daar vir ons vrede sal wees in en deur Jesus Christus.